basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VERBRUIKERSTUDIES (PRODUKSIE VAN GEBREIDE OF GEHEKELDE ARTIKELS)

## RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

## GRAAD 12

## 2022

**Hierdie riglyne bestaan uit 25 bladsye.**

## DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK VIR VERBRUIKERSTUDIES PRODUKSIE VAN GEBREIDE OF GEHEKELDE ITEMS

### 1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat uit praktiese komponente bestaan, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word tot aan die einde van September geïmplementeer. Die PAT bied aan leerders die geleentheid om vir vaardighede geassesseer te word wat hulle tydens die weeklikse praktiese lesse en praktiese eksamens in graad 10 tot 12 ontwikkel het. Die PAT bied leerders die geleentheid om geassesseer te word en in vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

- Tydens die praktiese assesseringstaak moet die leerder sy/haar kennis en praktiese vermoëns/vaardighede toon om gehalte-artikels te produseer met die fokus op vakmanskap en verkoopbaarheid.
- Die skool of die leerder mag kies om te brei OF te hekel.
- Die praktiese assesseringstaak vir Verbruikerstudies vir graad 12, met Brei of Hekel as 'n praktiese opsie, voltooi 'n praktiese eksamen van AGT (8) URE.
- Leerders voer hierdie praktiese eksamen individueel uit.
- Die praktiese eksamen vir die PAT vind in Kwartaal 3 plaas.
- Elke leerder sal 'n artikel in die praktiese eksamen brei OF hekel.

### 2. PUNTETOEKENNING

- Die totale puntetoekenning vir die PAT is 100 punte.
- Die punte vir die PAT vorm deel van die einde-van-die-jaar-assessering in Kwartaal 4.
- Die provinsie sal twee aparte gerekenariseerde puntestate, een vir SGA ('SBA') en een vir die PAT, voorsien.
- Die puntetoekenning word soos volg aangedui:

| | |
|---|---|
| Praktiese eksamen | 100 |
| **Finale punt vir PAT** | **100** |

## 3. VEREISTES VIR DIE PRAKTIESE EKSAMEN

Verbruikerstudies is 'n keusevak met vyf praktiese opsies. As die skool besluit om Verbruikerstudies as 'n vak aan te bied met die Brei of Hekel as die praktiese opsie, is die nodige toerusting en fondse om die PAT uit te voer, sowel as die gespesifiseerde getal weeklikse praktiese lesse, die verantwoordelikheid van die skool, soos in die *KABV*-dokument op bladsy 10 uiteengesit.

Die skool het die verantwoordelikheid om die beskikbaarheid van die volgende vir die PAT-eksamen te verseker:

- 'n Geskikte klaskamer met die nodige toerusting (tafels, merk- en meetgereedskap, toerusting vir die brei/hekel van die artikels, bv. breinaalde, hekelpenne).
- 'n Minimum van R80 tot 'n maksimum van R150 per leerder is nodig om die voorgeskrewe artikels te maak, buiten die fondse wat vir die SGA ('SBA') weeklikse praktiese lesse benodig word.
- 'n Aantal leerders kan die eksamen gelyktydig aflê, na gelang van die getal werkstasies en hulpmiddels beskikbaar om die eksamen doeltreffend af te lê.
- Dit is belangrik om aan die Covid-19-protokol van sosiale distansiëring te voldoen.

## 4. VEREISTE TYDRAAMWERK

- 'n Tydraamwerk van AGT (8) URE in totaal word vir die praktiese eksamen toegelaat.
- Die praktiese eksamen sal in TWEE sessies oor TWEE DAE afgelê word, of sessies kan op EEN dag gedoen word.
- Elke VIER(4)-UUR-sessie word in TWEE(2)-UUR-sessies opgedeel, met 'n pouse van 30 minute tussen elke TWEE(2)-UUR-sessie.
- Die TWEE (2) sessies van VIER (4) ure word op TWEE agtereenvolgende dae geïmplementeer.

## 5. OPSTEL VAN DIE EKSAMEN

- Die eksamen sal plaasvind op 'n datum soos vooraf met die moderator ooreengekom.
- Die produksieproses, vakmanskap en verkoopbaarheid van die artikel is belangrike aspekte van die praktiese eksamen.
- Onderwysers mag die voorbeelde wat verskaf word, gebruik of die praktiese assesseringstaak intern opstel. Indien die onderwyser dit intern opstel, moet dit egter aan die vakadviseur voorgelê word vir moderering en goedkeuring.
- Die praktiese eksamen moet vooruit beplan word om te verseker dat daar geen botsings met ander skoolaktiwiteite is nie.
- Die praktiese eksamen moet by die skool se eksamenrooster ingesluit word.

**Opstelriglyne:**

- Die onderwyser moet EEN geskikte hekelpatroon of EEN geskikte breipatroon identifiseer en selekteer, verkieslik dieselfde tipe patroon vir die verskillende metodes.
- Onderwysers het DRIE opsies wanneer die patroon vir die praktiese eksamen gekies word:
  - Koop 'n handelspatroon vir 'n artikel wat in die toegelate AGT (8) URE voltooi kan word met die vaardighede wat leerders vanaf graad 10 tydens die praktiese lesse vir SGA verwerf het.

**OF**

- Gebruik 'n patroon vanaf die internet wat in die toegelate AGT (8) URE voltooi kan word met die vaardighede wat leerders vanaf graad 10 tydens die praktiese lesse vir SGA verwerf het.

**OF**

- Gebruik een van die voorbeeldpatrone wat ingesluit is.

- Die geselekteerde artikel moet 'n minimum vaardigheidskode-gewigstoekenning van 50 punte hê.
- Die leerders sal ten opsigte van die produksieproses, vakmanskap en die verkoopbaarheid van die artikels geassesseer word.
- Aan die einde van die AGT (8) URE moet leerders hul artikels en verpakking vir finale assessering inlewer.
- Nadat die assessering voltooi is, moet die artikels aan die leerders teruggegee word om enige foute reg te maak en vir finale afronding, indien nodig.
- Die artikel sal NIE weer nagesien word nadat verbeteringe aangebring is NIE.

**LET WEL:** Leerders moet hul artikels verpak. Die verpakking en etiket moet binne die sewe dae nadat die leerders die toets ontvang het, voordat hulle die praktiese eksamen doen, voltooi word. Leerders moet die etiket en verpakking op die dag van die praktiese eksamen saambring.

**TEGNIEKE WAT INGESLUIT MOET WORD:**

**PATRONE EN TEGNIEKE**

| HEKEL | BREI |
|---|---|
| **TEGNIEKE** | **TEGNIEKE** |
| **Die volgende tegnieke is VERPLIGTEND:**<br>• Kettingsteek<br>• Gebruik ten minste TWEE (2) basiese steke:<br>o Glipsteek<br>o Enkele haak ('Single crochet')<br>o Halwe dubbele haak ('Half double crochet')<br>o Dubbele haak ('Double crochet')<br>• Vermeerder EN/OF verminder<br>• EEN gevorderde tegniek:<br>o Kabelpatroon<br>o Kantpatroon<br>o Enige getekstureerde patroon<br>o Filet<br>• Veelkleurige patroon<br>• Opmaak van die voltooide artikel | **Die volgende tegnieke is VERPLIGTEND:**<br>• Aanheg/Afheg<br>• Kabelpatroon<br>• Gebruik ten minste TWEE (2) basiese steke:<br>o Riffelsteek<br>o Kousbandsteek<br>o Koussteek<br>• Vermeerder (draad-oor-breipen-metode OF brei voor en agter in steek) EN/OF verminder (glip, glip, brei)<br>• EEN gevorderde tegniek:<br>o Kabelpatroon<br>o Kantpatroon<br>o Enige getekstureerde patroon<br>• Veelkleurige patroon<br>• Opmaak van die voltooide artikel |

## 6. VOORBEREIDING VIR DIE EKSAMEN

**Die onderwyser is vir die volgende verantwoordelik:**

- Bepaal die datums vir die praktiese eksamen. Dra hierdie datums aan die bestuurspan van die skool oor om seker te maak dat die datums nie met ander skoolaktiwiteite bots nie.
- Kopieer die patroon, illustrasie(s) en instruksieblad vir elke leerder of koop vir elke leerder 'n handelspatroon. Dit is verpligtend dat elke leerder 'n instruksieblad gebruik.
- Berei die gegewe assesseringsinstrument voor met die leerders se name.
- Leerders moet die instruksies **EEN week (7 skooldae)** voor die datum van die eerste groep leerders se eksamen ontvang sodat hulle kan voorberei.
- Deel leerders in groepe volgens die aantal leerders wat gemaklik in die vertrek geakkommodeer kan word. Die aantal per groep sal van die beskikbare hulpmiddels afhang.
- Koop AL die vereiste items.
- Maak vir elke leerder 'n stelletjie ('kit') wat die volgende insluit:
  - **BREI-PAT:** breitoerusting, patroon, instruksieblad, wol of garing, breinaalde, ens.

    **OF**

  - **HEKEL-PAT:** hekeltoerusting, patroon, instruksieblad, wol of garing, hekelpenne, ens.
- Berei die klaskamer vir die eksamen voor en maak seker dat ekstra klein gereedskap, bv. skêre, breinaalde, steekhouers, rytellers, wol, beskikbaar is.
- Maak die werkoppervlakke van al die werkstasies skoon en ontsmet dit.
- Berei naamkaartjies vir die laaste groep leerders voor om die moderator te help om die kandidate te identifiseer.

## 7. UITVOER VAN DIE EKSAMEN

**Praktiese eksamen in Kwartaal 3: AGT (8) URE (Brei OF Hekel)**

- Maak seker dat leerders hul hande met seep en water was, hul maskers dra en hul werkstasies ontsmet. Voldoen aan die protokol van sosiale distansiëring (1,5 m uit mekaar).
- Deel die breistelletjie ('knitting kit') OF hekelstelletjie ('crocheting kit') uit wanneer leerders die klaskamer binnekom.
- Genoeg ekstra wol/garing, skêre moet beskikbaar wees. **Moenie die toerusting deel nie.**
- Leerders doen die praktiese eksamen individueel onder die onderwyser se toesig.
- Slegs die onderwyser, die moderator en die kandidate mag gedurende die praktiese eksamen in die vertrek wees.
- Die onderwyser moet toesig hou en die leerders assesseer terwyl hulle die praktiese eksamen doen en GEEN ander werk mag gedurende hierdie tyd gedoen word NIE.
- GEEN leerder mag op enige wyse gehelp word NIE.
- Die artikels moet na die AGT (8) URE gereed wees vir assessering.
- Leerders sal **2 punte verloor vir elke 5 minute wat hulle laat is**, tot 'n maksimum van 20 punte.
- Die onderwyser moet die artikel wat gedurende die praktiese eksamen gemaak is, nasien en die punte aanteken.
- Nadat die artikel nagesien is, mag die leerders foute regmaak, verbeterings aanbring en die artikel voltooi.
- Die artikel sal NIE weer nagesien word nadat verbeterings aangebring is NIE.

- Nadat verbeterings aangebring is, word die verpakte artikels op 'n veilige plek bewaar tot die dag van moderering.
- Die onderwyser moet die assesseringsinstrument voltooi.

## 8. EVALUERING

- Die onderwyser en eksterne moderator het 45 minute om die finale artikels te evalueer, die leerders se werkstasies te inspekteer en die assesserings-instrument te voltooi.
- Terwyl hulle artikels geëvalueer word, moet die leerders moet hul werkstasies en toerusting opruim en ontsmet.
- Na afloop van die praktiese eksamen moet die onderwyser/moderator die werkstasies vir die finale toekenning van punte inspekteer.

## 9. MODERERING VAN DIE PRAKTIESE EKSAMEN

### 9.1 VOOR die praktiese eksamen

Die onderwyser moet die volgende voor die einde van **Maart of vroeër** by die vakadviseur inlewer vir goedkeuring om te verseker dat die praktiese eksamen van 'n toepaslike standaard is:

- Die voorgestelde datum vir sig-moderering vir die laaste groep leerders
- Die geselekteerde artikel met die tegnieke se gewigswaardes volgens die vaardigheidskode aangedui
- 'n Fotokopie van die patroonkoevert
- 'n Instruksieblad
- 'n Illustrasie van die artikel
- Die beplanning vir die aankope
- Die beplanning vir al die eksamensessies
  Die ingevulde oorsiglys, deur die skoolhoof geteken

**Die PAT kan nie gedoen word tensy die vakadviseur dit goedgekeur het nie.**

### 9.2 OP DIE DAG van die praktiese eksamen

- Maak seker dat leerders hul hande met seep en water was, hul maskers dra en hul werkstasies ontsmet. Volg die protokol van sosiale distansiëring, (1,5 m weg van mekaar). Hou altyd ekstra maskers byderhand.
- Gedurende Kwartaal 3 sal 'n groep leerders ekstern deur die betrokke vakadviseur gemodereer word terwyl hulle die praktiese eksamen by die skool aflê.
- Die onderwyser moet die volgende op die dag van die moderering vir die moderator beskikbaar hê:
  - Al die artikels wat die leerders tydens die weeklikse praktiese lesse vir SGA ('SBA') gemaak het (indien nie reeds gedurende SGA-moderering gemodereer nie)
  - 'n Kopie van die voltooide assesseringsinstrument vir weeklikse praktiese lesse
  - Die voltooide artikels (nagesien) van al die leerders wat reeds die praktiese eksamen voltooi het
  - Die punte van die leerders wat reeds die praktiese eksamen voltooi het
  - 'n Aparte stel assesseringsinstrumente vir die moderator se gebruik, met die name van die leerders reeds op die assesseringsinstrument geskryf
- Elke leerder moet die bywoningsregister teken voordat die eksamen begin.
- Die moderator sal ses (6) leerders lukraak kies. Hierdie leerders sal onafhanklik van die onderwyser geassesseer word.

- Na afloop van die assessering en konsolidering van punte sal die moderator sy/haar assessering met dié van die onderwyser vergelyk. Indien die moderator vind dat die onderwyser se punte meer as 10% van sy/haar punte verskil, moet 'n blokverskuiwing opwaarts of afwaarts gemaak word na gelang van die verskil.

Die tabel hieronder dui aan hoe om die verskil tussen die moderator se punte en die onderwyser se punte te bepaal sodat daar bepaal kan word of 'n aanpassing gemaak moet word asook hoe groot die aanpassing moet wees.

<table>
<tr><th rowspan="3" colspan="5">Leerder se Naam</th><th colspan="2">PAT</th></tr>
<tr><th colspan="2">100</th></tr>
<tr><th>*O</th><th>*M</th></tr>
<tr><td colspan="5">Leerder A</td><td>84</td><td>69</td></tr>
<tr><td colspan="5">Leerder B</td><td>83</td><td>70</td></tr>
<tr><td colspan="5">Leerder C</td><td>68</td><td>53</td></tr>
<tr><td colspan="5">Leerder D</td><td>59</td><td>44</td></tr>
<tr><td colspan="5">Leerder E</td><td>49</td><td>40</td></tr>
<tr><td colspan="5">Leerder F</td><td>45</td><td>40</td></tr>
<tr><td colspan="5">TOTAAL</td><td>388</td><td>316</td></tr>
<tr><td colspan="5">GEMIDDELDE PUNT = TOTAAL ÷ 6 (getal leerders)</td><td>66</td><td>53</td></tr>
<tr><td colspan="5">VERSKIL = 66 (*O) – 53 (*M)</td><td colspan="2">13</td></tr>
<tr><td>AANPASSING</td><td>AFWAARTS</td><td>✓</td><td>OPWAARTS</td><td></td><td colspan="2">– 3</td></tr>
</table>

***O = Onderwyser; *M = Moderator**

- 'n Blokverskuiwing kan ook op grond van die professionele oordeel van die moderator gemaak word as die praktiese eksamen van die skool nie aan die verwagte standaard voldoen nie.
- Die moderator sal die uitslag en enige aanpassings met die onderwyser bespreek.
- Die finale gemodereerde punte moet dan op die gerekenariseerde puntestaat aangebring word.
- Die punte van al die leerders sal geraak word as 'n aanpassing gemaak word.

## VAARDIGHEIDSKODE-GEWIGSWAARDE VAN TEGNIEKE GEBRUIK IN DIE PRODUKSIE VAN GEBREIDE ARTIKELS

- Gebruik die volgende vaardigheidskode-gewigswaarde om 'n patroon vir die PAT sowel as vir die weeklikse praktiese lesse te kies.
- Die vaardigheidskode toon die tegnieke se gewigswaarde en NIE die puntetoekenning NIE.
- Die gewigswaarde vir 'n spesifieke tegniek kan slegs EEN keer toegeken word.
- Die onderwyser kan 'n tegniek, wat nie hieronder aangedui word nie, byvoeg nadat dit met die vakadviseur bespreek is. Die onderwyser en die vakadviseur moet dan op die gewigswaarde vir die nuwe tegniek besluit.
- 'n Gewigswaarde word aan 'n tegniek toegeken volgens die moeilikheidsgraad van die tegniek.
- Die totale gewigswaarde van die tegnieke vir elke praktiese eksamen in graad 12 moet 'n minimum van 50 punte in totaal hê.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Aanheg van steke** | **10** | **Vermeerder of verminder** | **10** |
| • Regte kant van steke op regte kant van artikel | 1 | • Korrekte spanning, trek nie styf nie | 4 |
| • Alle steke deur die voorste of agterste lusse | 2 | • Fatsoen beïnvloed nie die patroon nie | 3 |
| • Korrekte spanning, nie te styf nie | 4 | • Vermeerder/Verminder op korrekte posisie | 3 |
| • Steke ewe groot | 1 | | |
| • Netjiese rand | 2 | | |
| **Afheg van steke** | **10** | **Gebruik van verskillende kleure** | **5** |
| • Heg af in patroonsteek | 2 | • Aanheg van nuwe wol/garing by die regte plek | 2 |
| • Steke is stewig, sal nie lostrek nie | 1 | • Weef die wol/garing in die rand in | 1 |
| • Korrekte spanning, nie te styf nie | 4 | • Netjiese rand | 2 |
| • Steke ewe groot en lê in dieselfde rigting | 1 | | |
| • Netjiese rand | 2 | | |
| **Kousbandsteek** | **10** | **Las van wol/garing** | **5** |
| • Korrekte spanning sodat struktuur kan rek en vorm behou | 4 | • Verkieslik by rand | 2 |
| • Egalige steke met egalige voorkoms | 3 | • Korrekte metode | 2 |
| • Growwe struktuur aan albei kante | 3 | • Weef wol in breiwerk in | 1 |
| **Koussteek** | **10** | **Knope en knoopsgate** | **7** |
| • Korrekte spanning | 4 | • Knoopsgate: Ewe groot | 2 |
| • Growwer aan die aweregse kant | 3 | • Korrekte spasiëring | 2 |
| • Steke lyk soos 'n V aan die regte kant | 2 | • Korrekte grootte/tipe knoop | 1 |
| • Glad aan die regte kant | 1 | • Knope stewig vasgewerk | 2 |
| **Riffelsteek** | **10** | **Sakke** | **10** |
| • Korrekte spanning | 4 | • Tipe sak geskik vir kledingstuk/artikel | 3 |
| • Egalige rye wat identies aan albei kante is | 3 | • Korrekte posisie | 3 |
| • Steke en voorkoms moet egalig wees | 3 | • Korrekte fatsoen | 4 |
| **Kabelpatroon** | **10** | **Nate** | **10** |
| • Verhoogde spanning van gebreide artikel | 4 | • Netjies, nie baie sigbaar nie | 3 |
| • Korrekte gebruik van kabelnaald | 3 | • Reguit naatlyne | 3 |
| • Kabels is identies | 3 | • Lê plat | 2 |
| | | • Korrekte steek | 2 |
| **Gevorderde patroon (kant/getekstureerd)** | **10** | **Aanmekaarsit van dele** | **10** |
| • Korrekte keuse van gare/wol | 2 | • Korrekte metode/steke gebruik | 2 |
| • Korrekte spanning | 4 | • Nie te styf nie | 2 |
| • Patroon korrek | 4 | • Nie sigbaar nie | 2 |
| | | • Korrekte kleur wol/garing vir vaswerk gebruik | 2 |
| | | • Netjies rante | 2 |

## VAARDIGHEIDSKODE-GEWIGSWAARDE VAN TEGNIEKE GEBRUIK IN DIE PRODUKSIE VAN GEHEKELDE ARTIKELS

- Gebruik die volgende vaardigheidskode-gewigswaarde om 'n patroon vir die PAT sowel as vir die weeklikse praktiese lesse te kies.
- Die vaardigheidskode toon die tegnieke se gewigswaarde en NIE die puntetoekenning NIE.
- Die gewigswaarde vir 'n spesifieke tegniek kan slegs EEN keer toegeken word.
- Die onderwyser kan 'n tegniek, wat nie hieronder aangedui word nie, byvoeg nadat dit met die vakadviseur bespreek is. Die onderwyser en die vakadviseur moet dan op die gewigswaarde vir die nuwe tegniek besluit.
- 'n Gewigswaarde word aan 'n tegniek toegeken volgens die moeilikheidsgraad van die tegniek.
- Die totale gewigswaarde van die tegnieke vir elke praktiese eksamen in graad 12 moet 'n minimum van 50 punte in totaal hê.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kettingsteke**<br>• Korrekte spanning, nie te styf nie<br>• Steke dieselfde grootte<br>• Voorkoms egalig | **10**<br>4<br>3<br>3 | **Vermeerder of verminder**<br>• Korrekte spanning, trek nie styf nie<br>• Fatsoen beïnvloed nie patroon nie<br>• Vermeerder/Verminder op korrekte posisie | **10**<br>4<br>3<br>3 |
| **Enkele haak ('Single crochet') (VS)/Dubbele haak ('Double crochet') (VK)**<br>• Korrekte spanning, nie te styf nie<br>• Steke dieselfde grootte<br>• Voorkoms egalig | **10**<br>4<br>3<br>3 | **Gebruik van verskillende kleure**<br>• Aanheg van nuwe wol/garing by die regte plek<br>• Weef die wol/garing in die rand in<br>• Netjiese rand | **5**<br>2<br>1<br>2 |
| **Halwe dubbele haak ('Half double crochet) (VS)/ Halwe skrikhaak ('Half treble crochet') (VK)**<br>• Korrekte spanning, nie te styf nie<br>• Steke dieselfde grootte<br>• Voorkoms egalig | **10**<br>4<br>3<br>3 | **Las van wol/garing**<br>• Verkieslik by rand<br>• Korrekte metode<br>• Weef wol in breiwerk in | **5**<br>2<br>2<br>1 |
| **Dubbele haak ('Double crochet') (VS)/Skrikhaak ('Treble crochet') (VK)**<br>• Korrekte spanning, nie te styf nie<br>• Steke dieselfde grootte<br>• Voorkoms egalig | **10**<br>4<br>3<br>3 | **Knope en knoopsgate**<br>• Knoopsgate: Ewe groot<br>• Korrekte spasiëring<br>• Korrekte grootte/tipe knoop<br>• Knope stewig vasgewerk | **7**<br>2<br>2<br>1<br>2 |
| **Skrikhaak ('Treble crochet') (VS)/ Dubbele skrikhaak ('Double treble crochet') (VK)**<br>• Korrekte spanning, nie te styf nie<br>• Steke dieselfde grootte<br>• Voorkoms egalig | **10**<br>4<br>3<br>3 | **Nate**<br>• Lê plat<br>• Netjies, nie baie sigbaar nie<br>• Reguit naatlyne<br>• Korrekte steek | **10**<br>2<br>3<br>3<br>2 |
| **Oumavierkant ('Granny square')**<br>• Korrekte spanning, nie te styf of te los nie<br>• Rye sluit korrek by mekaar aan<br>• Netjiese rante<br>• Hoeke korrek en netjies | **13**<br>4<br>3<br>3<br>3 | **Aanmekaarsit van dele**<br>• Korrekte metode/steke gebruik<br>• Nie te styf nie<br>• Nie sigbaar nie<br>• Korrekte kleur wol vir vaswerk gebruik<br>• Netjiese rante | **10**<br>2<br>2<br>2<br>2<br>2 |
| **'Sunburst'-Oumavierkant**<br>• Korrekte spanning, nie te styf of te los nie<br>• Rye sluit korrek by mekaar aan<br>• Netjies rante<br>• Hoeke korrek, netjies | **13**<br>4<br>3<br>3<br>3 | **Randjie/Randpatroon**<br>• Egalige breedte, geskik vir artikel<br>• Lê plat, krul nie op nie | **5**<br>2<br>3 |
| **Hekel 'n ringetjie**<br>• Korrekte spanning, nie te styf nie<br>• Rye sluit korrek by mekaar aan<br>• Steke dieselfde grootte<br>• Egalige voorkoms | **13**<br>4<br>3<br>3<br>3 | **Hekel van filet ('Filet crocheting')**<br>• Korrekte interpretasie van afkortings<br>• Volg die patroon stap vir stap<br>• Eindproduk volgens patroon | **7**<br>3<br>2<br>2 |

**ONDERWYSER SE BEPLANNING**
**GRAAD 12 PRAKTIESE EKSAMEN**

*(Moet aan die einde van **Maart of vroeër** aan die vakadviseur vir moderering voorgelê word.)*

| |
|---|
| **Naam van skool:** |
| **Naam van onderwyser:** |
| **Datum(s) en tyd/tye van praktiese eksamensessies:** |

**TOETS VIR PAT GRAAD 12**
**(Heg kopieë van patrone en instruksieblaaie aan)**

| **PRAKTIESE EKSAMEN: BREI** | |
|---|---|
| **TEGNIEKE** | **GEWIGSWAARDE** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **TOTAAL** | |

**TOETS VIR PAT GRAAD 12**
**(Heg kopieë van patrone en instruksieblaaie aan)**

| **PRAKTIESE EKSAMEN: HEKEL** | |
|---|---|
| **TEGNIEKE** | **GEWIGSWAARDE** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **TOTAAL** | |

## VOORBEELD VAN ONDERWYSER SE BEPLANNING VIR AANKOPE

*(Moet aan die einde van **Maart of vroeër** aan die vakadviseur vir moderering voorgelê word.)*

| Totale getal leerders | Groepe | Getal leerders per groep | Datums | Tyd |
|---|---|---|---|---|
| 25 | 1 | 13 | 10/09/2022 | 08:00–12:00 |
| | 2 | 12 | 10/09/2022 | 12:30–16:30 |

## BREI/HEKEL

| Benodigdhede per leerder | Hoeveelheid per leerder benodig | Getal leerders | Totaal |
|---|---|---|---|
| Breinaalde/Hekelpen | 1 | 25 | 25 breinaalde/<br>25 hekelpenne |
| Bol geel 4-draad-wol | 1 | 25 | 25 x geel 4-draad-wol |
| Bol groen 4-draad-wol | 1 | 25 | 25 x groen 4-draad-wol |
| Bol roomkleur 4-draad-wol | 1 | 25 | 25 x roomkleur 4-draad-wol |
| Knope | 1 | 25 | 75 knope |
| | 1 | 25 | |

## ONDERWYSER SE INKOPIELYS: BREI/HEKEL

| Benodigdhede | Hoeveelheid |
|---|---|
| Breinaalde/Hekelpenne | 50/25 |
| Geel 4-draad-wol | 25 |
| Groen 4-draad-wol | 25 |
| Roomkleur 4-draad-wol | 25 |
| Knope | 25 |

## ONDERWYSER SE BEPLANNING VIR AANKOPE

*(Moet aan die einde van **Maart of vroeër** aan die vakadviseur vir moderering voorgelê word.)*

## PRAKTIESE OPSIE: BREI/HEKEL

| Totale getal leerders | Groepe | Getal leerders per groep | Datums | Tyd |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |

| Benodigdhede per leerder | Getal leerders | Totaal |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

## ONDERWYSER SE INKOPIELYS

| Benodigdhede | Hoeveelheid |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**VERBRUIKERSTUDIES**
**PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**
**PRODUKSIE VAN BREI- OF HEKEL-ARTIKELS**
**OORSIGLYS VIR BEPLANNING (wat vir moderering voorgelê moet word)**

| | | |
|---|---|---|
| **SKOOL** | | |
| **ONDERWYSER** | | |
| **SKOOLHOOF** | | |
| **DATUM INGELEWER** | | |
| **Datums van alle PAT-sessies** | **Voorgestelde modereringsdatum** | **Goedgekeurde modereringsdatum** |
| | | |

| KRITERIA | JA/NEE | KOMMENTAAR DEUR MODERATOR |
|---|---|---|
| **Items ingesluit** | | |
| 'n Illustrasie van die artikel | | |
| Kopie van die patroon/instruksie-blad aan die leerders verskaf | | |
| Volledige lys tegnieke en totale gewigswaarde van artikel vir praktiese eksamen | | |
| Beplanning vir aankope | | |
| | | |

**GOEDGEKEUR/NIE GOEDGEKEUR NIE** **DATUM VIR HERVOORLEGGING:** __________

**Handtekeninge:**

**ONDERWYSER:** ____________________________ **DATUM:**______________________________

**SKOOLHOOF:** ______________________________ **DATUM:** _____________________________

**MODERATOR:** ______________________________ **DATUM:** _____________________________

## ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR BREI
## PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

| | | | NAME EN VANNE VAN LEERDERS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| NAAM VAN SKOOL ____________________<br>DATUM ____________________<br>ONDERWYSER ____________________<br>MODERATOR ____________________ | | | | | | | | | | |
| PRAKTIESE EKSAMEN | | | | | | | | | | |
| **1.** | **PRAKTIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE** | | | | | | | | | |
| **1.1** | **Interpretasie van die patroon** | **4** | | | | | | | | |
| | Volg die patrooninstruksies akkuraat | 2 | | | | | | | | |
| | Verstaan terminologie en afkortings vir implementering | 2 | | | | | | | | |
| **1.2** | **Akkurate implementering van tegnieke** | **20** | | | | | | | | |
| | Korrekte aantal steke volgens patroon | 2 | | | | | | | | |
| | Handhaaf spanning deurgaans tydens produksie van die artikel | 2 | | | | | | | | |
| | Korrekte tegnieke toegepas om die artikel te maak: (Uit die lys hieronder, assesseer die tegnieke wat op die artikel van toepassing is) Aanheg/Afheg/Kousbandsteek/Koussteek/Riffelsteek/ Kabelpatroon/Gevorderde patroon/Vermeerder/ Verminder/Gebruik verskillende kleure/ Las van wol/Knope en knoopsgate/Sakke/Nate | 16 | | | | | | | | |
| **1.3** | **Korrekte hantering van toerusting** | **8** | | | | | | | | |
| | Korrekte hantering van breinaalde | 3 | | | | | | | | |
| | Korrekte hantering van wol | 2 | | | | | | | | |
| | Veilige gebruik van toerusting, bv. garingskêrtjie/ skêre/spelde/strykyster/stopnaald | 3 | | | | | | | | |
| **1.4** | **Ekonomiese produksie van die artikel** | **8** | | | | | | | | |
| | Gereelde gehaltebeheerpunte tydens produksie | 2 | | | | | | | | |
| | Ekonomiese gebruik van voorraad, geen vermorsing van wol nie | 2 | | | | | | | | |
| | Werk onafhanklik, stil, steur nie ander leerders nie, vra geen vrae nie | 2 | | | | | | | | |
| | Doeltreffende gebruik en bestuur van tyd | 2 | | | | | | | | |
| **2.** | **HIGIËNE EN NETHEID** | | | | | | | | | |
| **2.1** | **Werkstasie en toerusting gedurende praktiese eksamen** | **8** | | | | | | | | |
| | Werkstasie netjies en goed georganiseerd | 3 | | | | | | | | |
| | Klein toerusting lê nie rond nie | 2 | | | | | | | | |
| | Werk higiënies en veilig | 3 | | | | | | | | |
| **2.2** | **Persoonlike voorkoms** | **3** | | | | | | | | |
| | Toepaslik geklee (skooluniform) | 1 | | | | | | | | |
| | Naels skoon en kort | 1 | | | | | | | | |
| | Hande gewas en ontsmet by ingang van klas en met gereelde tussenposes | 1 | | | | | | | | |
| **2.3** | **Netheid van werkstasie na praktiese eksamen** | **4** | | | | | | | | |
| | Werkstasie skoon | 1 | | | | | | | | |
| | Toerusting skoongemaak en weggepak in korrekte stoorplek | 2 | | | | | | | | |
| | Afval verwyder, vullisdrom skoon | 1 | | | | | | | | |

**ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR BREI**
**PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**
***(vervolg)***

| | | | NAME EN VANNE VAN LEERDERS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **3.** | **GESKIKTHEID VIR VERKOPE (VERKOOPBAARHEID)** | | | | | | | | | |
| **3.1** | **Verpakking** | **4** | | | | | | | | |
| | Beskerming van die artikel | 1 | | | | | | | | |
| | Geskiktheid van die artikel | 1 | | | | | | | | |
| | Koste-effektief | 1 | | | | | | | | |
| | Verbruikersaanklank | 1 | | | | | | | | |
| **3.2** | **Etiket** | **5** | | | | | | | | |
| | Tipe wol gebruik | 1 | | | | | | | | |
| | Toon kreatiwiteit | 1 | | | | | | | | |
| | Vervaardiger se naam/fisiese adres/ kontakbesonderhede | 1 | | | | | | | | |
| | Grootte/Prys | 1 | | | | | | | | |
| | Versorgingsinstruksies | 1 | | | | | | | | |
| **3.3** | **Artikel geproduseer, voldoen aan spesifikasies** | **36** | | | | | | | | |
| | Geskikte keuse van kleure vir artikel | 2 | | | | | | | | |
| | Korrekte grootte van die artikel volgens patroon | 2 | | | | | | | | |
| | Skoon produk | 2 | | | | | | | | |
| | Drade netjies afgewerk | 2 | | | | | | | | |
| | Netjies gestryk/gepars | 2 | | | | | | | | |
| | Nate netjies en korrek geheg | 2 | | | | | | | | |
| | Nate netjies gestik en afgewerk | 3 | | | | | | | | |
| | Stewige stiksels | 2 | | | | | | | | |
| | Geen flaters/foute (bv. gate) in die konstruksie van die artikel nie | 2 | | | | | | | | |
| | Korrekte aanwending van tegnieke in die konstruksie van die artikel gebruik | 5 | | | | | | | | |
| | Korrekte en egalige spanning deurgaans | 2 | | | | | | | | |
| | Geskiktheid vir verkope/Verkoopbaarheid **(Gebruik die skaal hieronder)** | 10 | | | | | | | | |
| | **TOTAAL** | **100** | | | | | | | | |
| | Straf indien laat: Trek 2 punte af vir elke 5 minute laat, tot 'n maksimum van 20 punte. | | | | | | | | | |
| | **TOTAAL** | **100** | | | | | | | | |

**GESKIKTHEID VIR VERKOPE/VERKOOPBAARHEID:**

0–2 Onaanvaarbaar, voldoen nie aan die vereistes nie, sal nie verkoop nie
3–4 Swak, voldoen aan sommige van die vereistes, sal nie verkoop nie
5–6 Gemiddeld, voldoen aan die meeste van die vereistes, behoort te verkoop
7–8 Goed, voldoen aan al die vereistes, sal goed verkoop
9–10 Uitstekend, oortref al die vereistes, sal baie goed verkoop

## ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR HEKEL
## PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK

**NAAM VAN SKOOL** ____________________________________

**DATUM** ____________________________________________

**ONDERWYSER** _______________________________________

**MODERATOR** ________________________________________

| | | | NAME EN VANNE VAN LEERDERS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **PRAKTIESE EKSAMEN** | | | | | | | | | |
| **1.** | **PRAKTIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE** | | | | | | | | | |
| **1.1** | **Interpretasie van die patroon** | **4** | | | | | | | | |
| | Volg die patrooninstruksies akkuraat | 2 | | | | | | | | |
| | Verstaan terminologie en afkortings vir implementering | 2 | | | | | | | | |
| **1.2** | **Akkurate implementering van tegnieke** | **20** | | | | | | | | |
| | Korrekte aantal steke volgens patroon | 2 | | | | | | | | |
| | Handhaaf spanning deurgaans tydens produksie van die artikel | 2 | | | | | | | | |
| | Korrekte tegnieke toegepas om die artikel te maak: (Uit die lys hieronder, assesseer die tegnieke wat op die artikel van toepassing is) Kettingsteek/Kortbeen/Langbeen/'treble crochet'/ Oumavierkant/ 'Sunburst'-oumavierkant/ Ringetjie/Vermeerder/Verminder/Gebruik van verskillende kleure/Las van wol/hekelgaring/Knope en knoopsgate/Nate/Aanmekaarheg van dele/ Randpatroon/Filet-hekel | 16 | | | | | | | | |
| **1.3** | **Korrekte hantering van toerusting** | **8** | | | | | | | | |
| | Korrekte hantering van hekelpen | 3 | | | | | | | | |
| | Korrekte hantering van wol/hekelgaring | 2 | | | | | | | | |
| | Veilige gebruik van toerusting, bv. garingskêrtjie/ skêre/spelde/strykyster/stopnaald | 3 | | | | | | | | |
| **1.4** | **Ekonomiese produksie van die artikel** | **8** | | | | | | | | |
| | Gereelde gehaltebeheerpunte tydens produksie | 2 | | | | | | | | |
| | Ekonomiese gebruik van voorraad, geen vermorsing van wol/hekelgaring nie | 2 | | | | | | | | |
| | Werk onafhanklik, stil, steur nie ander leerders nie, vra geen vrae nie | 2 | | | | | | | | |
| | Doeltreffende gebruik en bestuur van tyd | 2 | | | | | | | | |
| **2.** | **HIGIËNE EN NETHEID** | | | | | | | | | |
| **2.1** | **Werkstasie en toerusting gedurende praktiese eksamen** | **8** | | | | | | | | |
| | Werkstasie netjies en goed georganiseerd | 3 | | | | | | | | |
| | Klein toerusting lê nie rond nie | 2 | | | | | | | | |
| | Werk higiënies en veilig | 3 | | | | | | | | |
| **2.2** | **Persoonlike voorkoms** | **3** | | | | | | | | |
| | Toepaslik geklee (skooluniform) | 1 | | | | | | | | |
| | Naels skoon en kort | 1 | | | | | | | | |
| | Hande gewas en ontsmet by ingang van klas en met gereelde tussenposes | 1 | | | | | | | | |
| **2.3** | **Netheid van werkstasie na praktiese eksamen** | **4** | | | | | | | | |
| | Werkstasie skoon | 1 | | | | | | | | |
| | Toerusting weggepak in korrekte stoorplek | 2 | | | | | | | | |
| | Afval verwyder, vullisdrom skoon | 1 | | | | | | | | |

**ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR HEKEL
PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK
*(vervolg)***


| | | | NAME EN VANNE VAN LEERDERS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **3.** | **GESKIKTHEID VIR VERKOPE (VERKOOPBAARHEID)** | | | | | | | | | |
| **3.1** | **Verpakking** | **4** | | | | | | | | |
| | Beskerming van die artikel | 1 | | | | | | | | |
| | Geskiktheid vir die artikel | 1 | | | | | | | | |
| | Koste-effektief | 1 | | | | | | | | |
| | Verbruikersaanklank | 1 | | | | | | | | |
| **3.2** | **Etiket** | **5** | | | | | | | | |
| | Tipe wol/hekelgaring gebruik | 1 | | | | | | | | |
| | Toon kreatiwiteit | 1 | | | | | | | | |
| | Vervaardiger se naam/fisiese adres/ kontakbesonderhede | 1 | | | | | | | | |
| | Grootte/Prys | 1 | | | | | | | | |
| | Versorgingsinstruksies | 1 | | | | | | | | |
| **3.3** | **Artikel geproduseer, voldoen aan die spesifikasies** | **36** | | | | | | | | |
| | Geskikte keuse van kleure vir artikel | 2 | | | | | | | | |
| | Korrekte grootte van die artikel volgens patroon | 2 | | | | | | | | |
| | Skoon artikel | 2 | | | | | | | | |
| | Geen los drade nie, drade korrek weggewerk | 3 | | | | | | | | |
| | Wol/Hekelgaring netjies en korrek geheg | 2 | | | | | | | | |
| | Nate netjies gestik en afgewerk | 3 | | | | | | | | |
| | Stewige stiksels | 2 | | | | | | | | |
| | Geen flaters/foute (bv. gate) in die konstruksie van die artikel nie | 3 | | | | | | | | |
| | Korrekte aanwending van tegnieke in die konstruksie van die artikel gebruik | 5 | | | | | | | | |
| | Korrekte en egalige spanning deurgaans | 2 | | | | | | | | |
| | Geskiktheid vir verkope/Verkoopbaarheid **(Gebruik die skaal hieronder)** | 10 | | | | | | | | |
| | **TOTAAL** | **100** | | | | | | | | |
| | Leerders sal 2 punte verloor vir elke 5 minute wat hulle laat is, tot 'n maksimum van 20 punte | | | | | | | | | |
| | **TOTAAL** | **100** | | | | | | | | |


**GESKIKTHEID VIR VERKOPE/VERKOOPBAARHEID:**


0–2 Onaanvaarbaar, voldoen nie aan die vereistes nie, sal nie verkoop nie
3–4 Swak, voldoen aan sommige van die vereistes, sal nie verkoop nie
5–6 Gemiddeld, voldoen aan die meeste van die vereistes, behoort te verkoop
7–8 Goed, voldoen aan al die vereistes, sal goed verkoop
9–10 Uitstekend, oortref al die vereistes, sal baie goed verkoop

**VOORBEELD VAN GEHEKELDE ARTIKEL VIR DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**

**GEHEKELDE NAALDEKOKER-('BANDANA')-SERP**






[Bron: https://i2.wp.com/pattern-paradise.com]

**GEWIGSWAARDE: HEKEL**

**Selekteer tegnieke met 'n gewigswaarde van 50 vaardigheidskode-punte.**

| TEGNIEKE | GEWIGSWAARDE |
|---|---|
| Kettingsteke | 10 |
| Langbeen | 10 |
| Vermeerder | 10 |
| Gebruik van verskillende kleure | 5 |
| Las van wol/garing | 5 |
| 'Treble crochet' | 10 |
| **TOTAAL:** | **50** |

**BENODIGDHEDE:**

- 4 bolle wol/hekelgaring in verskillende kleure
- Een 4 mm-hekelpen
- Naald om punte van garing weg te werk

**SPANNING IN KB:** 167 steke en 8 rye = 10 cm

**BRITSE (VK)-AFKORTINGS:**

Kettingsteek = **ks**
Spasie = **sp**
Slaan steek oor = **ssto**
Glip = **gl**
Steek/Steke = **st(e)**
Kortbeen = **kb**
Langbeen = **lb**

**SPESIALE INSTRUKSIES:**

- Die beginkettingsteek tel as die eerste steek.
- Instruksies tussen ( ) of * moet die gespesifiseerde aantal kere herhaal word.
- Instruksies tussen [ ] word almal in dieselfde steek/spasie gewerk.

**V-steek 1** (V-ST1): Werk [lb, 2 ks, lb] in dieselfde steek/spasie
**V-steek 2** (V-ST1): Werk [lb, 3ks, lb] in dieselfde steek/spasie
**Picot (Puntjie):** 3 ks, glip steek in eerste ks
**Splitsteek:** Om die splitsteek te werk, beteken dat jy in die middel 'V' van die onderste steek werk en nie in die lusse nie.

**PATROONINSTRUKSIES:**

**Ry 1:** 3 ks, in 3e ks van pen maak [2lb, 2ks, 3lb], draai (6lb).

**Ry 2:** 3ks, maak 2 lb in eerste st, lb in volgende 2 ste, in 2ks-sp maak[2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in volgende 2 ste, maak 3 lb in laaste st, draai (22lb).

**Ry 3:** 3ks, maak 2 lb in eerste st, lb in volgende 6 ste, in 2ks-sp maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in volgende 6 ste, maak 3 lb in laaste st, draai (22 lb).

**Ry 4:** 3ks, maak 2 lb, in eerste st, lb in volgende 10 ste, in 2ks-sp maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in volgende 10 ste, maak 3 lb in laaste st, draai, (30 lb).

**Ry 5:** 2 ks, maak 2 lb in eerste st, lb in volgende 2 ste, 4 ks, slaan 4 ste oor, kb in volgende st, 4 ks, slaan 4 ste oor, lb in volgende 3 ste, in 2 ks-sp maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in volgende 3 ste, 4 ks, slaan 4 ste oor, kb in volgende st, 4 ks, slaan 4 ste oor, lb in volgende 2 ste, maak 3 lb in laaste st, draai (22 ste).

**Ry 6:** 3 ks, maak 2 lb in eerste st, lb in volgende 3 ste, maak 2 lb in volgende st, 3 ks, maak 'n split kb in kb van vorige ry, 3 ks maak 2 lb in volgende lb, lb in volgende 4 ste, in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb] lb in volgende 4 ste, 2 lb in volgende st, 3 ks, maak 'n split kb in kb van vorige ry, 2 lb in volgende lb, lb in volgende 3 ste, 3 lb in laaste st, draai (34 ste).

**Ry 7:** 3 ks, 2 lb in eerste st, lb in volgende 7 ste, 3 lb in 3-ks-spasie, 1 ks, ssto, 3 lb in volgende 3-ks-spasie, lb in volgende 8 ste, in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in volgende 8 ste, 3 lb in 3-ks-spasie, 1 ks, ssto, 3 lb in volgende 3-ks-spasie, lb in volgende 7 ste, 3 lb in laaste st, draai (52 ste).

**Ry 8:** 3 ks, 2 lb in eerste st, lb in volgende 12 ste, lb in 1-ks spasie, lb in elke st tot middel, in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb] lb in volgende 13 ste, lb in 1-ks spasie, lb in volgende 12 ste, 3 lb in laaste st, draai (62 ste).

**Deel 2:** Las nuwe kleur in eerste steek.

**Ry 9:** 3 ks, 2 lb in eerste st, lb in elke st tot middel, in 2-ks spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in elke st tot 1 st oorbly, 3 lb in laaste st, draai (70 lb).

**Ry 10:** 3 ks, 2 lb in eerste lb, lb in volgende 2 ste, (*4 ks, slaan 4 ste oor, kb in volgende st, 4 ks, slaan 4 ste oor* lb in 11 ste) herhaal van * tot* een maal, lb in volgende 3 ste, in ks spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in volgende 3 ste, herhaal ( ) een maal, herhaal van* tot * een maal, lb in volgende 2 ste, 3 lb in laaste st, draai (46 ste).

**Ry 11:** 3 ks, 2 lb in eerste st, lb in volgende 3 ste, (*3 lb in 3-ks spasie, 1 ks, ssto, 3 lb in volgende 3-ks spasie*, lb in volgende 13 ste), herhaal * tot * een maal, lb in volgende 8 ste, in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb] lb in volgende 8 ste, herhaal ( ) een maal, herhaal * tot * een maal, lb in volgende 7 ste, 3 lb in laaste st, draai (62 ste).

**Ry 12:** 3 ks, 2 lb in eerste st, lb in volgende 7 ste, (*3 lb in 3-ks-spasie, 1 ks, ssto, 3 lb in volgende 3-ks-spasie*, lb in volgende 13 ste), herhaal * tot * een maal, lb in volgende 8 ste, in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in volgende 8 ste, herhaal ( ) een maal, herhaal * tot * een maal, lb in volgende 7 ste, 3 lb in laaste st, draai (90 ste).

**Ry 13:** 3 ks, 2 lb in eerste st, lb in volgende 12 ste, lb in 1-ks-spasie, lb in volgende 19 ste, lb in 1-ks-spasie, lb in volgende 13 ste, in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in volgende 13 ste, lb in 1-ks-spasie, lb in volgende 19 ste, lb in 1-ks-spasie, lb in volgende 12 ste, 3lb in laaste st, draai, (102 ste).

**Deel 3:** Las kleur in eerste steek.

**Ry 14:** 3ks, 2 lb in eerste st, lb in elke st tot middel, in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in elke st tot 1 st oorbly, 3 lb in laaste st, draai (110 lb).

**Ry 15:** 3 ks, 2 lb in eerste lb, lb in volgende 2 ste, (*4 ks, slaan 4 ste oor, kb in volgende st, 4 ks, slaan 4 ste oor*, lb in volgende 11 ste), herhaal ( ) een maal, herhaal * tot * een maal, lb in volgende 3 ste, in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in volgende 3 ste, herhaal ( ) twee maal, herhaal * tot* een maal, lb in volgende 2 ste, 3 lb in laaste st, draai, (70 ste).

**Ry 16:** 3 ks, 2 lb in eerste st, lb in volgende 3 ste, (*2 lb in volgende st, 3 ks, maak split kb in kb van vorige ry, 3 ks, 2 lb in volgende lb*, lb in volgende 9 ste), herhaal ( ) een maal, herhaal * tot * een maal, lb in volgende 4 ste, in 2-ks-spasie maak [2 lb,2 ks,2 lb], lb in volgende 24 ste, herhaal ( ) twee maal, herhaal * tot* een maal, lb in volgende 3 ste, 3 lb in laaste st, draai (90ste).

**Ry 17:** 3 ks, 2 lb in eerste st, lb in volgende 7 ste, (*3 lb in 3-ks-spasie, 1 ks, ssto, 3 lb in volgende 3-ks-spasie*, lb in volgende 13 ste), herhaal ( ) een maal, herhaal * tot * een maal, lb in volgende 8 ste, in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb] lb in volgende 8 ste, herhaal ( ) twee maal, herhaal * tot * een maal, lb in volgende 7 ste, 3 lb in laaste st, draai (128 ste).

**Ry 18:** 3ks, 2 lb in eerste st, lb in elke st en in 1-ks-spasie tot middel, in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks,2 lb], lb in elke st en 1-ks-spasie tot laaste st, 3 lb in laaste st, draai (142 lb).

**Deel 4:** Las nuwe kleur in eerste steek.

**Ry 19 tot 23:** Herhaal Ry 14 tot Ry 18. Die instruksie tussen ( ) word 2 maal herhaal.

**Ry 24:** 3 ks, 2 lb in eerste st, lb in elke st tot middel in 2-ks-spasie maak [2 lb, 2 ks, 2 lb], lb in elke st tot 1 st oorbly, 3 lb in laaste st, (192 lb).

**Randjie en bandjies**

**Ry 25:** 21 ks, kb in 2de ks van pen, kb in volgende 10 ste, hlb in volgende 10 ste, lb in volgende st, *slaan 2 ste oor, V-ST1 in volgende st* herhaal tot middel, V-ST2 in 2-ks-spasie, V-ST1 in volgende lb, herhaal instruksies tussen* tot 4 ste oorbly, slaan 2 ste oor, hlb in laaste st.

**Ry 26:** 21 ks, kb in 2de st van pen, kb in volgende 10 ste, hlb in volgende 9 ste, kb in volgende st, tussen volgende lb en V-steek, * in 2-ks-spasie van volgende V-steek, maak [kb, picot, kb] kb tussen V-ste*, herhaal tussen * tot middel, in 3-ks-spasie maak [2 hlb, picot, 2 hlb], *kb tussen V-ste, in volgende V-st maak [kb, picot, kb]*, herhaal tussen * tot laaste V-st, kb tussen V-steek en volgende lb, glst do in hlb. Heg af.

**VOORBEELD VAN GEBREIDE ARTIKEL VIR DIE PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK**

**GEBREIDE SIMMETRIESE SITRUS-TJALIE**



**GEWIGSWAARDE: BREI**

**Selekteer tegnieke met 'n gewigswaarde van 50 vaardigheidskode-punte.**

| TEGNIEKE | GEWIGSWAARDE |
|---|---|
| Aanheg | 10 |
| Afheg | 10 |
| Vermeerder | 10 |
| Heg van wol | 5 |
| Gebruik van verskillende kleure | 5 |
| Gevorderde patroon | 10 |
| **TOTAAL:** | **50** |

**BENODIGDHEDE:**

- 4 bolle wol in verskillende kleur
- Enige wol/breinaald-kombinasie omdat die artikel ry vir ry vergroot
- Stopnaald om punte weg te werk

**SPANNING:** 16 steke = 10 cm

**BRITSE (VK)-AFKORTINGS:**

Brei ('Knit') = **k**
Brei volgende 2 steke tesame ('Knit next 2 stitches together') = **b2tstes (k2tog)**
Trek glipsteek oor ('Pass slipped stitch over') = **tglso (psso)**
Wol oor ('Yarn over') = **yo**
'Slip marker' = **sm**
'Slip one over' = **sl1**
Aweregs een ('Purl one') = **aw1 (p1)**

**SPESIALE INSTRUKSIES:**

**PATROON:**

- Die tjalie begin vanuit die middel en word groter a.g.v. wol oor ('yarn over'/yo) die middellyn en by die rante ('edges').
- Die eerste en laaste 2 steke word gebrei op elke ry om die rand plat te hou.
- Glip die eerste steek van elke ry om 'n 'skoon' of eweredige rand te verseker.

**BLOM-EN-OOG-PATROON ('FLOWER AND EYELET PATTERN'):**

- Wissel die blom-en-oog-patroon af; doen die oogpatroon in die meeste gevalle in al drie kleure afsonderlik/geskei van die blompatroon, maar jy mag slegs 2 oogpatroonrye af en toe doen vir afwisseling van die patroon.
- Hou aan totdat die tjalie die gewenste grootte is.

**PATROONINSTRUKSIES:**

Heg 5 steke aan.

**Ry 1:** b2, yo, plaas merker, b1, plaas merker, yo, b2

**Ry 2:** gl1, b1, awe1, glip merker, awe1, glip merker, awe1,b2

**Ry 3:** gl1, b1, yo, b1, yo, sm, b1, sm, yo, b1, b2

**Ry 4:** gl1, b1, aweregs tot by merker, glip merker, aweregs 1, glip merker, aweregs tot by merker, b2

Verander kleure en brei die oogpatroon verskeie kere, verander kleure tussen herhalings.
Maak seker jy het 13 steke aan elke kant tussen die yo ('yarnovers') voordat jy die blompatroon brei.

**BLOMPATROON:**

**Ry 1 (Regte Kant):** gl1, b1, yo, [b3, b2tesm, yo, b1, yo, gl1, b1, tglso] herhaal tot by plekmerker, yo glip dan merker, b1, gl merker, yo, [b3, b2tesm, yo, b1, yo, gl1, b1, tglso] tot by laaste 2 steke, yo, b2

(**LET WEL:** Vir hierdie rye, maak seker jy het yo na die eerste 2 steke, aan beide kante van die middelpunt, en voor die laaste 2 steke. Om die middel simmetries te maak, moet jy 2 steke aan die einde en begin die ander kant met 2 steke, ens.)


**Ry 2:** gl1, b1, aweregs tot by merker, glip merker, awe1, glip merker, awe tot by merker, b2

**Ry 3:** gl1, b1, yo, [b3, b2tesm, yo, b3, yo, gl1, b1, tgso] herhaal tot by merker, yo, sm, b1, yo, [b3, bk2tesm, yo, b3, yo, gl1, b1, tgso] herhaal tot by laaste 2 steke, yo, b2


**Ry 4:** gl1, b1, awe tot by merker, glip merker, awe1, glip merker, awe tot by merker, b2

**Ry 5:** gl1, b1, yo, b5, yo, gl1, b2tesm, tgso, yo, herhaal tot by merker, yo, sm, b1, yo, [b5, yo, gl1, b2tesm, tgso, yo] herhaal tot by laaste 2 steke, yo, b2

**Blomkaart**




**Sleutel**




**OOGPATROON ('EYELET PATTERN'):**

**Ry 1 (Regte Kant ):** gl1, bk1, yo, brei tot by merker, yo, sm, b1, sm, yo, brei tot by merker, b2

**Ry 2:** gl1, b1, brei tot by merker, sm, awe1, sm, yo, brei tot by merker, b2

**Ry 3:** gl1, b1, yo, [b2tesm, yo] tot by merker, sm, b1, sm, [yo, b2tesm] tot by laaste 2 steke, b2

**(LET WEL:** Vir hierdie rye, maak seker jy het yo na die eerste 2 steke, aan beide kante van die middelpunt, en voor die laaste 2 steke.)

**Ry 4:** gl1, b1, brei tot by merker, sm, awe1, sm, yo, brei tot by merker, b2

**GEPUNTE AFHEGTING ('POINTED CAST OFF'):**

1. In eerste steek, b1, slaan wol oor breinaald (yo), br 1.
2. Draai en aweregs hierdie 3 steke as ook die volgende steek op die breinaald en die eerste nuwe steek.
3. Draai en heg die eerste 2 steke af (b2, trek eerste steek oor).
4. Brei die 3de steek met die volgende steek, gereed om af te heg en heg die 3de steek af.
5. Trek die laaste steek oor die breinaald oor die volgende steek wat gereed is om afgeheg te word. Jy het nou 3 steke afgeheg en het nou 1 punt (gepunte afhegting).

Herhaal, begin met b1 slaan wol oor breinaald (yo), b1 in die steek wat jy in stap 5 oorgetrek het.

**LET WEL:** Daar sal baie ente weggewerk moet word as gevolg van al die kleurwisseling.



**As die onderwyser 'n tuisgemaakte patroon gebruik, moet 'n instruksieblad ingesluit word.**

## 10. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te toon; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee aan hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

Kopiereg voorbehou